

1 April

Skrifgedeelte: Genesis 24:42-52
Fokusgedeelte: Genesis 24:49

Leef jou persoonlike verantwoordelikheid biddend voor God uit

'n Slaaf en verantwoordelikheid sou 'n mens nie heeltemal by mekaar kon inpas nie. Tog is die slaaf wat Abraham stuur om vir sy seun Isak 'n vrou te gaan soek in sy land van herkoms, uiters verantwoordelik. Hy kom sy belofte volledig en verantwoordelik na.

Trouens, leer gerus by die slaaf: hy pak die groot verantwoordelikheid nie op sy eie aan nie. Hy vlug biddend tot God en vra sy leiding. Hy bid om 'n bepaalde teken sodat hy die trou van God kan beleef. Hy stel sy vertrouwe volledig in God. En dit word ryklik beloon.

As hy dan by die punt kom om nou die vrou wat God vir hom uitwys as vrou vir Isak, soort van op te eis, plaas hy Laban en Betuel voor 'n besliste verantwoordelikheid. Dit nadat hy deeglik God se rol in die proses uitgewys het. Hulle moet nou verantwoordelikheid in 'n besluit uitwys. Moeilike besluit, want aanvaar hulle God se uitwysing en gee Rebekka af, sien hulle haar dalk nooit weer nie.

So het Jesus sy verantwoordelikheid om as Verlosser God te gehoorsaam, nie ontduik nie. Ondanks alles kom Hy sy verantwoordelikheid na. Deurdat Hy dit doen, leef ons vandag as verlostes. Leef ons met sekerhede soos: die ewige lewe; daaglikse sorg van God; sondevergifnis en hoop wat nie beskaam nie.

En as verlostes kan ons ook ons persoonlike verantwoordelikheid nakom. Om ons Christelike lig te laat skyn en as sout waarde te kan toevoeg. En soms mag die verantwoordelikheid groot eise stel, maar daartoe is ons ook in staat deur Hom wat ons krag gee. Beste van alles: ons mag dit in biddende afhanklikheid van God doen en uitleef.

Sing: Psalm 105: 1, 5

Dr. P (Piet) Fanoy (Windhoek)